



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2015

ONTWERP V1

PUNTE: 100

TYD: 3 uur



Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit SES vrae.
2. Daar is keuses binne sommige vrae in hierdie vraestel. Lees die verskillende opsies aandagtig deur.
3. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A:	ONTWERPGELETTEDHEID VRAE 1–3	(30 punte)
AFDELING B:	ONTWERPGESKIEDENIS VRAAG 4	(30 punte)
AFDELING C:	ONTWERP IN A SOSIO- KULTURELE/OMGEWINGS- EN VOLHOUBARE KONTEKS VRAE 5–6	(40 punte)
4. Lees die van en die vrae aandagtig deur.
5. Beantwoord in volsinne. Vermoed die opnoem van feite.
6. Gebruik die puntetoekenning om te bepaal hoeveel tyd aan elke vraag spandeer moet word, sowel as hoeveel feite vereis word.
7. MOENIE dieselfde feite en voorbeelde in verskillende vrae herhaal NIE.
8. Skryf netjies en leesbaar.

WOORDESKAT

Gebruik die volgende woordeboek om jou te help om 'n spesifieke vraag te benader:

Analise: 'n Gedetailleerde en logiese bespreking van die formele elemente en beginsels.

Vergelyk: Wys ooreenkomste en verskille georden uit in een argument.

Bespreek: Gee jou standpunt en motiveer met redes (motiveer).

Verduidelik: Verduidelik en gee redes vir jou antwoord (motiveer).

Interpreteer: Gee 'n ingeligte opinie, versterk met voorbeelde.

Sê: Sê wat jy dink – gee jou opinie, sowel as 'n verduideliking.

AFDELING A: ONTWERPGELETTERDHEID

VRAAG 1: 'ONGESIENE' VOORBEELDE

BEANTWOORD OF VRAAG 1.1 OF VRAAG 1.2.

1.1



FIGUUR A: **Joey the War Horse** deur die Handspring Puppet Maatskappy (Kaapstad), 2009.

1.1.1 Analiseer en bespreek DRIE van die volgende elemente en beginsels in ontwerp met betrekking tot FIGUUR A:

- Kleur
- Lyn
- Fokuspunt
- Proporsie en Skaal

(6)

1.1.2 Verduidelik die gebruik van EEN Gestaltbeginsel in FIGUUR A hierbo.

(2)

1.1.3 In watter kategorie van Ontwerp val die beeld in FIGUUR A? Gee redes vir jou antwoord.

(2)

[10]

OF

1.2



FIGUUR B: **Colour Hut 2**, muurpapierontwerp deur Nqakaza Ntsindiso (Bizana, Oos-Kaap), 2012

1.2.1 Analiseer FIGUUR B hierbo deur na die volgende te verwys:

- Vorm
- Patroon
- Kontras
- Inspirasies/Invloede

(8)


1.2.2 Noem TWEE geskikte omgewings waar die muurpapier in FIGUUR B gebruik kan word. Gee redes vir jou antwoord.

(2)

[10]

VRAAG 2: KOMMUNIKASIE IN ONTWERP

2.1



FIGUUR A: 'Amandla' – All power to the Dreamers wêreld, kommunikasiedag-plakkaat, Sindiso Nyoni R!OT (Suid-Afrika), 2013.

Die woord 'Amandla' beteken 'Mag' in Swahili (Zimbabwe), Zoeloe en Ndebele. Die plakkaat verwys na die kreatiewe siele (ontwerpers en kunstenaars) as die dromers wat die vermoëns en verantwoordelikhede het om 'n verandering in die gemeenskap deur hul ontwerpe te bring. Die plakkaat is geïnspireer deur die optimisme van jeugdige in Nairobi wat kreatiwiteit gebruik het vir groei, en 'n voertuig vir sosiale veranderinge en om gemeenskappe op te hef, ten spyte van hulle moeilike lewensomstandighede.

Skryf 'n paragraaf waarin jy verduidelik hoe die ontwerper simbolisme, teks, beelde, uitleg en stereotipes gebruik het om die plakkaat in FIGUUR A, met 'n Afrika-identiteit te skep. Gee redes vir jou antwoord.

(7)

2.2



FIGUUR B: Model Viktoria Modesta Moskalova.

Hierdie Latviaanse-gebore model en musikus het haar ledemaat verloor en dra 'n prostetiese been (’n kunsledemaat). Sy beskryf haarself as ’n letterlik “bioniese meisie”. Viktoria gebruik dekoratiewe- en industriële-styl prosteses as ’n sleutelkenmerk van haar beeld wat sy uitdra, eerder as wat haar gestremdheid haar modelberoep beëindig het.

2.2.1 Dink jy dit is belangrik om stereotipes in ontwerp te vermy?
Verduidelik.

(1)

2.2.2 Verduidelik TWEE wyses waarop Viktoria Modesta Moskalova die stereotipiese beeld van ’n model in FIGUUR B uitdaag.

(2)

[10]


VRAAG 3

BEANTWOORD OF VRAAG 3.1 OF VRAAG 3.2

3.1



FIGUUR A: Die ruïnes/bouvalle van die Romeinse Forum.



FIGUUR B: 3D-rekonstruksie van die **Romeinse Forum** soos wat dit kon lyk in die Laaste Keiserryk.


Skryf 'n vol bladsy opstel waarin jy EEN voorbeeld van die internasionale klassieke argitektuur vergelyk met EEN kontemporêre gebou wat jy bestudeer het. Die volgende inligting moet in jou opstel vervat wees:

- Inspirasies/Invloede
- Gebruik/Funksie
- Uitleg/Plan
- Materiale en Bouegnieke

[10]

OF

3.2



FIGUUR A: 'n **Isicholo**, die tradisionele kralehoed wat getroude Zoeloe vrouens dra.



FIGUUR B: **Iroquois Glengarry styl hoed** (Kanada), ongeveer 1880. Hierdie Indiaanse volkstem in Noord-Amerika, het die tekstiel en kralehoed van die Europese styl geleen en versier. Dis van wol, katoen, sy en glaskrale gemaak.

Kralewerk is 'n tradisioneel kunsvlyt-vorm van beide die Zoeloe- en Amerikaanse Iriquois Indiane kultuur. Skryf 'n EEN vol bladsy opstel, waarin jy die ontwerpe in FIGUUR A en FIGUUR B vergelyk ten opsigte van:

- Patroon
- Kleur
- Vorm en funksie
- Beweging
- Estetika

[10]

TOTAAL AFDELING A: 30

VRAAG B: ONTWERPGESKIEDENIS**VRAAG 4**

4.1 *‘Ontwerp moet funksioneel wees, en funksionaliteit moet visueel esteties wees sonder om foefies te moet verduidelik.’*

[Bron: Oorspronklik in Engels deur Ferdinand Porsche.]

(Definisie: 'n Foefie is truuk/vangplek om aandag te trek.)

Dink jy die bogenoemde stelling is waar vir alle ontwerp bewegings. Skryf 'n opstel waarin jy die stellings debatteer deur na TWEE ontwerpstyle, -periodes of -bewegings in die lys hieronder, wat jy bestudeer het, te verwys. Verwys in jou argument na die doelwitte, invloede/inspirasies, karaktereienskappe en EEN ontwerper en sy/haar werke vir elke ontwerpperiode, -styl of -beweging.

- Grieks
- Romeins
- Gotiese
- Barok
- Neo-klassieke
- Kuns en kunsvlyt ('Arts en Crafts')
- Art Nouveau
- Bauhaus
- Art Deco
- Skandinawiese
- De Stijl
- Pop/New Age

(20)

- 4.2 Bestudeer die beelde in FIGUUR A en FIGUUR B hieronder aandagtig, en beantwoord die vraag wat volg.



FIGUUR A: '**Glaspaleis**' deur Fritz Peutz, Modernisme, (Nederland), 1934–35. Die gebou se oorspronklike naam was 'Modehuis Schunck', maar dit het die bynaam 'Glaspaleis' gekry, wat nou die amptelike naam is.



FIGUURE B: **Fonda Louis Vuitton Ruimte vir Kontemporêre Kuns en Optredes** deur Frank Gehry, Dekonstruksie, (Parys), 2014. Die gebou is beskryf as 'n "Glaswolk", 'n "katedraal van lig" en 'n "wonderwerk van intelligensie, kreatiwiteit, en tegnologie". Van 'n afstand lyk dit soos 'n ruimteskip of 'n boot. Twaalf seile omsluit die 126 000 vierkante voet gebou.

4.2.1 Skryf 'n kort opstel waarin jy jou begrip van Moderne en Post-moderne benaderinge tot argitektuur wys deur die geboue in FIGUUR A en FIGUUR B met mekaar te vergelyk. Verwys in jou opstel spesifiek na die volgende:

- Invloede
- Vorm en Fatsoen
- Funksionaliteit
- Ruimte
- Lyn

(10)


TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: ONTWERP IN 'N SOSIO-KULTURELE/OMGEWINGS- EN VOLHOUBARE KONTEKS

VRAAG 5

BEANTWOORD OF VRAAG 5.1 OF VRAAG 5.2.

5.1



FIGUUR A: Sosiale Plakkaat

“Ontwerp het die mees magtigste wapen geword waarmee die mensdom sy gereedskap en omgewing, en verder, sy gemeenskap en homself, vorm.” – ‘Papaneke’

Verwys na FIGUUR A en die aanhaling hierbo deur Papaneke en beantwoord die vrae wat volg.

- 5.1.1 Watter sosiale kwessie word deur die plakkaat aangespreek? (1)
- 5.1.2 Bespreek vlugtig die sosiale boodskap van die plakkaat in FIGUUR A. (2)
- 5.1.3 Hoe gebruik die ontwerper teks, beelde en uitleg om 'n kragtige boodskap oor te dra? (3)

5.1.4 Skryf 'n vol bladsy opstel oor EEN kontemporêre Suid-Afrikaanse en EEN internasionale ontwerper wat sosio-kulturele kwessies aanspreek. Jou opstel moet die volgende inligting bevat:

- Die naam van die ontwerper/ of ontwerpersgroep.
- 'n Verduideliking van die kwessie wat aangespreek word.
- Die naam en bespreking van EEN van elk se werke.
- Die impak wat elk van hierdie ontwerpe op die gemeenskap/kan het, of gehad het.

(14)
[20]

OF

5.2



FIGUUR B: 'Cozy Human Nests' deur Porky Hefer, (Kaapstad). Handgemaak van natuurlike materiale en geïnspireer deur tegnologie wat gebaseer is om voorbeelde uit die natuur na te boots. Die "nes" kan twee volwassenes akkommodeer.

5.2.1 Op watter wyse bevat die ontwerpe in FIGUUR B beide tradisionele en nie-tradisionele handwerkmetodes? Verduidelik. (2)

5.2.2 Skryf 'n kort opstel oor tradisionele handwerke. Verwys na:

- Oorsprong
- Materiale en Tegnieke
- Funksies
- Die Naam en Beskrywing van ten minste EEN ontwerp/ produk

(8)

5.2.3

“Dit blyk dat ons terugkeer na handgemaakte en tradisionele handwerke wat ons herenig met ons voorvaders, ons historiese agtergrond, ons kulturele en sosiale tradisies en gebruike, wat ons op die ou einde terugneem na ons eie identiteit, wortels en vel ...”

[Bron: Wilna Coetzer]

Debatteer die stelling hierbo in 'n opstel. Bespreek EEN sosiaal verantwoordbare, kontemporêre Suid-Afrikaanse of Afrika-ontwerper. (Hierdie ontwerper moet tradisionele materiale en/of metodes in hul ontwerpe gebruik.) Jou opstel moet die volgende bevat:


- Die naam van ten minste EEN van sy/haar werke
- Die wyse waarop tradisionele metodes en tegnieke in die werke vervat is
- Die sosiale kwessie(s) wat deur die ontwerp(e) aangespreek word

MOENIE na enige ontwerpers verwys wat jy reeds genoem het nie of oor geskryf het nie.

(10)
[20]

VRAAG 6

6.1



FIGUUR A: **Die Mill Junction Projek** deur Citiq eiendomsontwikkelaars, (Johannesburg), 2014.

Dit is 'n bekostigbare behuisingsprojek vir studente gemaak van skeepshouers bo-op ou graansilo's. Die projek kan behuising aan 400 studente van nabye universiteite verskaf. Dit is toegerus met gesamentlike kombuise, gratis WiFi, studiefasiliteite, 'n gimnasium en ontspanningsareas.

Verwys na FIGUUR A hierbo en beantwoord die vrae wat volg.

- 6.1.1 Gee TWEE redes waarom FIGUUR A 'n omgewingsverantwoordbare ontwerp is. (2)
- 6.1.2 Skryf 'n kort paragraaf om te verduidelik of FIGUUR A ook in die kategorie van volhoubare ontwerp val, of nie. Gee redes vir jou antwoord. (4)

- 6.2 Skryf 'n opstel oor die werk(e) van EEN Suid-Afrikaanse ontwerper/ontwerpmaatskappy en EEN internasionale ontwerper/ontwerpmaatskappy wat sal wys dat ontwerpers bewus is van die noodsaaklikheid van omgewingsvriendelike ontwerpe.

Jou antwoord moet in opstelvorm wees en moet die volgende inligting bevat:

- Die naam en agtergrond van die ontwerper/ontwerpmaatskappy
- 'n Bespreking wat bewys dat die materiale en werksprosesse van die ontwerper/ontwerpersmaatskappy, omgewingskwessies aanspreek
- Die invloede, sowel as doelwitte van die ontwerpe
- Die titel en 'n kort beskrywing van EEN ontwerp/ontwerpersprojek waarby die ontwerper/ontwerpermaatskappy, betrokke was

MOENIE na ontwerpe/ontwerpers verwys wat reeds in jou antwoordblad gebruik of verwys is na NIE.

(14)
[20]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 100